

# HOE OM TE BEGIN



Die Handleiding wat op hierdie webtuiste se bladsye as elektroniese lesse aangebied word, is vertaal in Afrikaans met die toestemming van die skrywer. (Handleiding: “A Tool For Personal Discipleship”. Skrywer: Art Barkley, President van [“Discipler Training International”](#). Vertaling is gedoen deur Charlotte Stapelberg. Samestelling en verwerking deur Dissipels van Jesus.

LET WEL: Om die GRATIS LESSE te gebruik, moet jy asb. [registreer](#).

Doelmatige persoonlike dissipelskap (geestelike ouerskap), mag 'n stadige proses wees, net soos die proses om kinders groot te maak, omdat dit tyd neem vir 'n nuwe gelowige om die Bybelse begrippe in hierdie dissipelskap materiaal te begryp, innerlik hul eie te maak en aan ander oor te dra. **Ons DVJ-span is beskikbaar om jou oppad by te staan. Moet dus nie aarsel om [ons te kontak](#) nie.**

Op die bladsy sal jy 'n vloekaart kry wat jou kan help om, gegrond op jou 'rol', te bepaal op watter manier jy 'n *Werktuig vir Persoonlike Dissipelskap* en die uitgebreide kurrikulum kan gebruik. Jy sal ook aanvullende hulpbronne op die bladsye van hierdie webtuiste kry.

**Ek is 'n Predikant/Pastoor/Leier en verlang om Bybelse dissipelskap beter te verstaan:**

Werk in gebed deur [Fase 2](#)

**Ek is 'n Predikant/Pastoor/Leier en ek wil gelowiges in my gemeente oplei om ander te dissipel:**

1. Kies in gebed 'n klein groepie leiers wat jy as getrou beskou en lei hulle deur [Fase 2](#)
2. Neem dieselfde groep deur [Fase 1](#). Soos julle vorder, sal sommige waarskynlik deur die Heilige Gees gemotiveer word om nuwe, onvolwasse gelowiges te begin mentor.

3. Laat hulle die riglyne in [les 2-5](#) hersien om hulle verder te help met dissipelskap.

## **Ek is 'n volwasse gelowige en wil 'n nuwe gelowige dissipel:**

1. Lees en oordink die **riglyne** [in Les 2-5](#).
2. Werk in gebed, saam met die dissipel, deur die twee lesse in die [Dissipel beramings](#)-afdeling om die geestelike volwasse vlak van die dissipel te help bepaal .
3. Begin die gidsproses, gebruik [Fase 1](#).

## **Ek is 'n gelowige wat nie dissipelskap deurloop het nie en die Christelike lewe beter wil verstaan:**

1. Soek in gebed 'n volwasse gelowige wat jy respekteer en wat gewillig is om ten minste eenmaal per week saam met jou deur [Fase 1](#) te werk.
2. Indien jy nie 'n ander gelowige kan vind om jou persoonlik te begelei nie, lees [5 Belangrike Begrippe](#) in gebed deur, werk dan deur [Fase 1](#) op jou eie en skryf vrae neer wat in jou gemoed opduik.
3. Hopelik sal 'n Kerkleier of volwasse Christen in staat wees om jou vrae bevredigend te beantwoord.

## **Ek het 'n eenmalige geleentheid om met 'n gelowige tyd te bestee, byvoorbeeld op reis of tronkbediening, ens.**

Werk in gebed deur die [5 Belangrike Begrippe](#) saam met die gelowige.



Daar behoort voorkeur daaraan gegee te word om hierdie lesse op 'n een-tot-een basis te gebruik, alhoewel dit ook doelmatig in kleingroepe gebruik kan word. Die lesse sal egter verduidelikings in besonderhede vir die meeste nuwe gelowiges benodig. Juis daarom is hierdie lesse nie ontwerp om soos 'n handboek deur te lees nie, maar eerder om deur die dissipelmaker persoonlik gemaak te word. Dit moet ook as 'n middel gebruik word om dialoog te stimuleer en spesifieke sake aan te spreek wat verstaan behoort te word sodat elke gelowige 'n effektiewe en bruikbare werktuig in Sy hande sal word.

